



In hierdie uitgawe:

- ♦ *Die Afrikanerbond - 100 jaar - 'n Eeu van genade* p1
- ♦ *Groeteboodskappe - Voorsitter* p1
- ♦ *Groeteboodskappe - Provinsies* p4
- ♦ *Groeteboodskappe - Lede van die Nasionale Raad* p6
- ♦ *Groeteboodskappe - Oud voorsitters* p9
- ♦ *Groeteboodskap - Christiaan de Wet Fonds* p10
- ♦ *Groeteboodskappe - Hoofsekretarisse* p11
- ♦ *Herinneringe van 'n AB-lid* p12
- ♦ *Eeufees - 100 jaar* p13
- ♦ *Broederskap - Die Afrikanerbond* p14

Die Afrikanerbond 100 jaar - 'n Eeu van genade

"Here, U was vir ons 'n toevlug van geslag tot geslag." Oor 100 jaar, bely ons, het die Here op 'n baie spesiale manier die veilige tent van die Afrikanerbond oor ons opgeslaan. Daaruit kon ons telkens weer in geloof ons roeping hier in Suid-Afrika uitleef. Vandag loof ons Hom, wat in groot genade, ons deur eeue heen behou.

In daardie selfde week het CJ Langenhoven geskryf: "Ruis die stem van ons geliefde, van ons land, Suid-Afrika. Ons sal antwoord op jou roepstem, ons sal offer wat jy vra. Ons sal lewe, ons sal sterwe – ons vir jou Suid-Afrika."

Inderdaad was ons (soos ds. Naudé) geroep om oor die afgelope eeu ons ore te spits vir die Here se roepstem vir ons land en sy mense. En ons moue op te rol en agter Hom in te val. Hy het soos 'n Vader vir ons wat Hom vrees gesorg. Ons het beleef Hy is barmhartig en genadig.

Oor die afgelope 100 jaar het ons die trou wat ons gesweer het, probeer gestand doen. Ja, ons het ook goedertrou groot foute gemaak. Maar ons was grondleggers van die Suid-Afrika wat ons nou vir al die kinders van hierdie mooi land bied. Ons mag diep dankbaar terugkyk hoe ons etiese waardes op talle maniere gestalte gekry het. Op die pad van Suid-Afrika staan die monumente wat ons, sonder om ons rol aan die groot klok op te hang, help bou het. Ons godsdiens, ons taal en kultuurgoedere is oor 100 jaar getrou gedien. Dit was ons kosbare voorreg.

Daarom bring ons vandag aan die Here die eer. "Omdat, o God, in die geheimenis vir ons vernuf geen grond of einde is, daarom prys ons U werk, U daad van krag, van kind tot kind tot in die nageslag!"

Ons word herinner aan die geleentheid toe ons trou gesweer het om, sonder eie gewin, onself om te gee vir die bevordering van die Here se spesiale roeping in Suid-Afrika. Vandag neem ons biddend die aflosstokkie by hulle wat oor n eeu groot offers gebring het: Op U almag vas vertrouend het ons vadere gebou. Skenk ook ons die krag o Here om te handhaaf en te bou. Dat die erwe van ons vadere vir ons kinders erwe bly. Knegte van die Allerhoogste, teen die hele wêreld vry. Met ons land en met ons nasie, sal dit wel wees - God regeer!

Ds NWJ (Nico) van Rensburg
NGK Tetelestai, Randfontein ❖



*As Afrikaners bou ons saam aan
die toekoms van Suid-Afrika*

Groeteboodskappe - Voorsitter

Veels geluk lieve Afrikanerbond, omdat jy verjaar ...

Eenhonderd jaar is in 'n oogwink verby. Dankie dat jy die Afrikaner se hand styf vas geklem het toe ons gekniel, gekruip, geloop en gehardloop het. Deur loutering, swaarkry, oorlog, dikwels in die voorste linies in elke dag se strewe en veg vir vryheid was jy langsaan vir advies, agter vir steun en voor as leier en baanbreker na beter Gods begrip. Na hierdie eeu staan ons danksy jou geestelik fiks, blakend gesond, vindingryk en as volk emosioneel volwasse om vir die volgende 100 jaar in ons vaderland, Suid Afrika, die Afrikaner te dien by uitnemendheid, welwetende dat God regeer.

Dankie dat ek ook 'n sitplekkie kon kry en elke dag kon aansit om die tafel van die huis vir die Afrikaner, waar vriendskap, diensbaarheid, broederskap en integriteit in oormaat op my bord was om van te neem soveel as wat ek wou en kon.

Sommer met die wegspring vir die volgende skof steek ons dapper die hand uit en wil diep grawe na die wysheid en insig en manmoed wat ons nog altyd mildelik van die Here ontvang en in die Afrikanerbond ingeëts is. Dankie Afrikanerbond enmag die Here jou seën en nog honderde jare spaar.

Jaco Schoeman (Voorsitter)

Lid van die Nasionale Raad: Oos-Kaap ❖



Groeteboodskappe - Provinsies

Die Afrikanerbond en sy lede van die Vrystaat wens die hele Afrikanerbond en sy lede in die Republiek van Suid-Afrika en in die buiteland baie geluk met die Eeufees van die Afrikanerbond.

Die Afrikanerbond kan oor die eeu terugkyk met groot trots op wat die Afrikanerbond tot stand gebring het en Afrikaners bemagtig het om van Suid Afrika 'n beter plek te maak .

Afrikaners is ook besiel met vasberadenheid, selfrespek, positiewe eiewaarde, moed en hoop.

Die Afrikanerbond word ook sterkte toegewens met die toekoms . Ten spyte van die groot verliese wat die Afrikaner in die demokratisering van Suid Afrika gely het word geglo dat die organisasie sy werk moet voortsit en die Christelike lewens karakter behou in die soeke na oplossings en 'n omgewing skep waarbinne die Afrikaner die geleentheid het vir herstel, konsolidasie en uitbouing. Daarmee saam ook sal waak teen diskriminasie, marginalisering en armoede van die Afrikaner.

Afrikanerbond: Vrystaat

Deurspek met GOD se goedheid, grootheid en genade. Uit armoede, vernedering en verlies gely, het Afrikanermanne opgestaan en met moed en kundigheid hul volk gelei.

Daar is opgebou, moedgehou, uitgehou, aangehou, kopgehou, koersgehou en 'n toekoms probeer bou. bo dit alles en in dit alles op die WOORD en almag van GOD vertrou. Geslagte Afrikaners het gekom en gegaan, deur verandering, vernuwing en vooruitgang, het broeders saamgestaan.

Wat 'n voorreg om op 'n ryke en suksesvolle 100 jaar terug te kyk, sonder manmoed, nugtere denke, kundigheid, sou ons niks bereik.

Ons kyk TERUG op 'n pad vol ryke seën 'n mooi geskiedenis aan ons geleen.

Ons kyk OP na BO in diepe afhanklikheid diep bewus van ons kleinheid maar van GOD se almagtigheid.

Ons kyk VORENTOE en ons bly glo ons sal meer hoogtes bereik in die volgende 100 jaar, met genade van BO.

Suid-Afrikaners, Afrikaners, Broers, Vrouens - ons wil julle salueer, vir saamstaan, saambou, saamdink en die onbekende toekoms inmarsjeer.

(Vervolg op p3)

Groeteboodskappe van provinsies (verv)

Vir ons leiers, lede, landsburgers, Afrikaners en Suid-Afrikaners –haal ons af die hoed vir opoffering, keuses, geloof en 'n strewe vol onblusbare moed.

Ons bid vir die toekoms – nou aan ons onbekend maar aan ons Almagtige VADER oorbekend.
Mag ons vorentoe gaan met inspirasie, entoesiasme, kundigheid en moed met geloof, hoop en liefde in GOD wag 'n toekoms – sinvol en goed.
Op ons knieë bid ons HEER vir almal wat in ons land regeer.
Seën ons HERE GOD, seën Suid-Afrika
Seën ook die Afrikanerbond wat die volgende 100 jaar nog U vaandel dra.

BAIE GELUK!

Afrikanerbond: Mpumalanga

Ons, lede van die Afrikanerbond van Gauteng-Noord, wens graag die Afrikanerbond, en by implikasie die Afrikaner Broederbond, baie geluk met die herdenking van die eeufeesjaar.

Ons wat bevoorreg was om 'n gedeelte van die eeu aktiewe lede te kon wees getuig van die leierskap wat sedert die stigting beskikbaar en bereid was om ongelooflike groot uitdagings aan te durf en telkens deel te wees van die rigtinggewing en oplossing van die ekonomiese, politieke, kulturele en maatskaplike vraagstukke. Ons eer die lede van hierdie trotse organisasie wat voor ons meegewerk aan die bevordering van die ideale wat vandag nog vir ons belangrik is, terwyl ons werk aan 'n beter Suid-Afrika vir almal wat hier woon. Ons is trots om in Pretoria te woon waar bakens soos die Voortrekkermonument, Uniegebou, Universiteit van Pretoria, WNNR, Kumba (Yskor), die SANW-hoofkantoor, Nersa, Denel, ABSA [Volkskas-gebou], lewende voorbeelde van vervulde drome, gesetel is.

Ons vertrou dat die Afrikanerbond as organisasie, soos verteenwoordig deur die lede, aan die einde van hierdie eeufeesjaar 'n inspirerende nalatenskap sal oorhandig aan 'n volgende generasie wat met aktiewe deelname, nuwe lede sal inspireer om werk wat nog nie afgehandel is nie en nuwe uitdagings met ywer aan te pak en kreatief op te los.

Ons is diep bewus van die kompleksiteit van die uitdagings en pak die uitdaging aan met die versekering van Job 28 dat God die pad sal aandui na die wysheid wat vereis gaan word, maar ook "dat om die Here te dien, dit is wysheid".

Mag die strewe na 'n Christen demokrasie vir Suid-Afrika verwesenlik word.

Wees Sterk.

Afrikanerbond: Gauteng-Noord

Eerstens. Die lede in en om Johannesburg, wat tans die gebied Gauteng-Suid vorm, en waar die Afrikanerbond presies 'n eeu gelede wortel geskiet en sy eerste afdelings gestig het, is besonder trots op die bydrae wat ons bond oor 'n eeu gelede het. Ons dink veral aan hoe die lede soos 'n suurdeeg deur die hele Suid-Afrikaanse samelewing die belange van die Afrikaanse gemeenskap bevorder het en die hele land tot groot hoogtes gelei het.

Tweedens. Ons is beïndruk dat van die mees toonaangewende leiers op elke terrein – sosiaal en ekonomies, kerklik en in sport, politiek en kultureel – lede van ons bond was. Onder hulle tel van ons invloedrykste digters soos NP van Wyk Louw.

Derdens. Ons is ewe-eens beïndruk dat die bond 'n bydrae kon maak om instellings te skep waarin Afrikaners hulle ideale kon uitleef, so uiteenlopend soos Volkskas (tans Absa) en die FAK.

Vierdens. Ons is veral beïndruk met die veerkrag van die Afrikanerbond wat oor talle skerp rotse kon klim en steeds kon koers hou om die belange van die Afrikaanse gemeenskap te dien.

Groeteboodskappe van provinsies (verv)

Verlede, hede en toekoms. Lede van Gauteng-Suid wens die Afrikanerbond van harte geluk met sy honderdste verjaardag! Voorts dra die gebied sy opregte groete oor aan almal wat in Junie 2018 in die Paarl die eeu-eesbondsraad bywoon! Terselfdertyd wens ons die Afrikanerbond 'n blink toekoms toe – in voortsetting van sy toegewyde diens aan ons volk!

Afrikanerbond: Gauteng-Suid

"Die Afdeling Randburg Olievenhoutpoort wil hom graag vereenselwig met dui-sende ander lede dwarsoor die land om die Afrikanerbond geluk te wens met sy skitterende honderdtal (nie uit nie).

Ons stem saam met die Nasionale Raad-voorsitter dat hierdie beurt nie altyd maklik was nie en dat opslagballe geredelik voorgekom het. Tog het die voorsitters en uitvoerende rade hierdie aanslag met kragtige dryfhoue afgeweer.

Ons wens die Afrikanerbond met al sy verskillende vertakkinge en inisiatiewe, alles van die allerbeste toe.

Moenie bang wees nie! Wees sterk! (Rigters 5 vers 21)



Afdeling Randburg Olievenhoutpoort."

Hiermee 'n mosie van gelukwensing aan die Afrikanerbond en al sy lede, aktief en erelede vanaf elke lid in die streek Oos-Kaap. Die Afrikanerbond vier vanjaar sy 100-jarige bestaan en wat 'n mylpaal is dit nie.

Die Afrikanerbond het oorleef deur veranderings in regerings en tye van ontwikkeling in die afgelope honderd jaar in Suid-Afrika. Sy invloed en krag het gewissel met tye en moes aanpas by 'n veranderende Suid-Afrika, maar nooit het dié organisasie sy waarde en invloed verloor nie.

Suid-Afrika sal armer wees sonder die Afrikanerbond en mag elke lid hierdie besef ter harte neem en die verantwoordelikheid aangryp. Geluk aan elke lid wat deel is van hierdie unieke, noodsaaklike en wonderlike organisasie. Sterkte aan alle betrokkenes wat aan stuur staan van die organisering van die Bondsraad en verjaarsdagvieringe.

Mag die Afrikanerbond van krag tot krag gaan met sy Godgeroepe taak om te streef na Vryheid in Verbondenheid vir elke Afrikaner en 'n beter toekoms vir alle Suid-Afrikane. Mag elke lid ook sy/haar volle afhanklikheid van God verklaar en in Sy Woord en Liefde sy dagtaak aanpak. Weer eens geluk aan die Afrikanerbond en alle voorspoed vir die volgende 100 jaar.

Afrikanerbond: Oos-Kaap

Dit is vir die lede van die Afrikanerbond van die Noord-Kaap aangenaam en 'n voorreg om die Afrikanerbond as organisasie geluk te wens met die eeufeesjaar. Ons was bevoorreg om slegs 'n gedeelte van die pas afgelope 100 jaar deel te kon wees van die trotse organisasie. Soveel lede het voor ons meegewerk aan die bevordering van die ideale wat vandag nog vir ons belangrik is. Ons bring graag hulde aan die lede wat voor ons die spitwerk gedoen het. Ons eer hulle nagedagtenis.

Mag die Afrikanerbond as organisasie, die lede in die algemeen en al ons strukture en besture hierdie eeufeesjaar weer geïnspireer word deur ons stigtingsdoelwitte omdat ons weet die werk nog nie klaar is nie, die uitdagings meer word en ons taak groter.

Mag ons lede veral inspirasie vind uit Josua 1:9 "Ek self gee jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan."

Wees Sterk

Afrikanerbond: Noord-Kaap

(Vervolg op p5)

Groeteboodsappe van provinsies (verv)

AB-lede van die Noordwes wens die Afrikanerbond geluk met sy 100-jarige bestaan.

Ons was bevoorreg om deel te kon wees van die organisasie, en om te kon meewerk aan die bevordering van die ideale van die Afrikanerbond.

Die Afrikanerbond het oor die eeu heen Afrikaners moed en hoop gegee.

Ons bring graag hulde aan die lede wat ons organisasie gestig, uitgebou en gedra het, gevestig op Christelike waardes, Afrikaners bemagtig het, en van Suid Afrika 'n beter plek gemaak het. Ons eer hulle nagedagtenis

Die Afrikanerbond word hiermee alle sterkte toegewens, en ons Skepper en Onderhouer se steun vir die toekoms toegebied.

Afrikanerbond: Noordwes

Die AB lede van Limpopo wens die Afrikanerbond baie geluk met sy 100 jarige bestaan. 'n Eeu waarop ons trots kan wees en net op kan voort bou.

Die Afrikaner en die Afrikanerbond se geskiedenis getuig van menige mylpale. Mylpale waarin Suid Afrika en sy ekonomie uitgebou is tot 'n beter plek en die Afrikaner bemagtig is.

Die Afrikaner, as 'n karaktervaste en Godvresende mens het baie opgeoffer tot Suid Afrika se ontwikkeling en bewaring.

Die Afrikanerbond word sterkte toegewens vir die toekoms, om insig te openbaar om die organisasie en die Afrikaner vorentoe te neem in 'n multi-kulturele gemeenskap van Suid Afrika en die wêreld, om 'n verskil te maak met ons Christelike karakter in die soeke na oplossings en geleenthede waar ons as Afrikaners 'n bydrae kan lewer tot die uitbouing van ons potensiaal as Afrikaners en ons land Suid Afrika.

Afrikanerbond: Limpopo

Die AB lede van die Wes-Kaap wens die Afrikanerbond en sy lede in die R.S.A en in die buiteland baie geluk met sy 100 jarige bestaan.

Ons kan met groot trots terugkyk na wat die Afrikanerbond oor die afgelope 100 jaar tot stand gebring het, Afrikaners bemagtig het en om van Suid Afrika 'n beter plek te maak.

Afrikaners is besiel met vasberadenheid, selfrespek, positiewe eiewaarde, moed en hoop.

Die Afrikanerbond word ook sterkte toegewens met die pad vorentoe. Die proses van demokratisering en die vestiging van Christelike waardes is nog nie voltooi nie. Die organisasie moet sy werk met onvermoeide ywer voortsit en soeke na oplossings op alle terreine en 'n omgewing skep waarbinne die Afrikaner homself kan herstel, konsolideer en uitbou. Daar moet gewaak word teen diskriminasie, marginalisering en armoede.

Afrikanerbond: Wes-Kaap ❖

Groeteboodskappe van lede van die Nasionale Raad

As lid van die Nasionale Raad en lid van die afdeling Di Patriot is dit vir my 'n besondere voorreg om die Bondsraad te verwelkom in Paarl. Vir ons is dit 'n eer dat die Afrikanerbond se 100-jaar vieringe in Paarl kan plaasvind.

Die geskiedenis van die dorp wil dit hê dat die fisikaal Abraham Gabbema in 1657 afgekom het op die reuse granietrotse in die Paarl omgewing en dit "Diamant ende Peerlebergh" genoem het

Net soos Paarl mettertyd ontwikkel het in die diamant van die Wes-Kaap so het die Afrikanerbond ook sedert 1918 die Afrikaner geslyp en geskuur om 'n spog karakter te ontwikkel. Dit is die uiterlike maar ook die innerlike simboliek is daar.

Die Afrikaner is net soos 'n diamant 'n edelgesteente van suiwer gekristalliseerde koolstof wat nog steeds die leier element van minerale is en een van die hardste stowwe wat aan die mens bekend is. Dit alles is nog steeds kenmerkend van die Afrikaner en die Afrikanerbond se rol hierin moet bevestig word.

'n Groeteboodskap het een van twee motiewe. Eerstens om verwelkomend van aard te wees en dit doen ons graag aan almal wat die Bondsraad bywoon en veral 3die nuwe en jonger lede en tweedens om 'n afskeidswoord te wees. Ons dink daarom ook aan almal wat voor ons lid was van die organisasie en 'n enorme bydrae gelewer het tot die ontwikkeling van die Afrikaner.

My opregte gelukwense aan die Afrikanerbond in die eeufeesjaar. Mag die organisasie en sy lede van krag tot krag gaan in die komende jare.

Wees Sterk

Andries Domburg (Ondervoorsitter)
Lid van die Nasionale Raad: Wes-Kaap

Om 'n honderd jaar te vier, is beskore vir min organisasies.

Dankie aan hulle wat die nood van die Afrikaner raakgesien het en besluit het om daadwerklik op te tree. En dit was hulle toewyding en besef dat niks goeds vermag kan word uit eie krag nie, wat hul voortgestu het. Gevestig in dié wete, het hulle dan die AB gegrondves in die wete dat dit die Bybel, die Woord van God-drie-enig is, wat rigtinggewend is vir die hele lewe.

Ons kyk vanjaar terug oor 'n mooi verlede met prestasie en foute. Laat ons die volgende eeu baan op wat goed was in die verlede.

Mag ons as AB ons met groter erns toewy aan die Woord van God, sodat ons met wysheid wat ons in Christus vind, die uitdagings van ons mooi land die hoof kan bied. Ons bely saam met Paulus dat ons tot alles in staat is, deur Christus wat ons krag gee.

Met dit in gedagte, sien ek uit na wat Hy deur ons gaan vermag die volgende eeu.

Hartlik geluk AFRIKANERBOND met die honderd jaar.

Meyer de Jager (Lid van die Dagbestuur)
Lid van die Nasionale Raad (Mpumalanga)

Langs hierdie weg wil ek graag die Afrikanerbond gelukwens met sy **100ste** verjaarsdag. Dit is vir my 'n voorreg om vir meer as 40 jaar lid te wees. Dat die Afrikanerbond oor die jare heen nooit afgewyk het van sy beginsels nie, dat ons standpunte oor sake steeds van kennis geneem word. Sterkte vir die volgende 100 jaar en mag die Afrikanerbond steeds relevant wees.

Willem Rossouw
Voorsitter van die Finansies en Oudit Komitee
Lid van die Nasionale Raad: Wes-Kaap

(Vervolg op p7)

Groeteboodskappe van lede van die Nasionale Raad (verv)

"WANT wie zich een toekomst scheppen wil, mag het verledene niet uit het oog verliezen. Daarom: zoekt in het verledene al het goede en schoone, dat daarin te ontdekken valt, vormt daarna uw ideaal en beproeft voor de toekomst dat ideaal te verwezenlijken." so lui 'n gedeelte van president Kruger se onsterflike boodskap aan sy volk in 1904.

Veertien jaar later word die Afrikaner Broederbond gestig om die selfstandigheidstrewa as toekoms-ideaal na te streef en te bevorder.

Afrikanerbondlede, my opregte wens is dat die eeufeesjaar en vieringe ons almal sal help om nader aan die verlede van ons eie organisasie en voorgeslag te kom,..... want daar is geen daeraad vir die wat hul verlede met 'n onverskillige handgebaar verontagsaam nie!

Jare 1918-2018

Die laaste honderd jaar was opreg uitdagend. Suid-Afrika het op politieke en helaas op elke terrein sy grootste transformasie (1994) tot nog toe ondergaan en was die organisasie se lede deurentyd aktief besig om in soms onmoontlike tye te poog om 'n beter toekoms te help bou.

Jubeljaar Met dankbaarheid kan ons terugkyk en getuig dat Hy in beheer was en is en dat Hy die Afrikanerbond met insig en integriteit gelei en gerig het in goeie en minder goeie tye... vir 100 jaar in diens van die Afrikaner. Aan Hom al die lof en eer.

Toekoms

Van die Afrikanerbond moet altyd gesê kan word dat hy konserwatief, maar tegelykertyd ook progressief is. Die AB moet vashou aan die oue en tog ook vooruitstrewa na die nuwe, saam met sy lede en alle Afrikaners.

Ons wens vir jou Afrikanerbond is dat jy steeds die fakkeldraer sal wees vir ons taal, geskiedenis, kultuur en selfstandigheidstrewa

Feeswense

My feeswense is dat almal hierdie grootse geleentheid sal geniet en hande sal vat om die organisasie nog sterker te maak en sal voortbou op die fundamente wat deur stoere en godvrugtige geslagte heg en stewig gele is. Dat ons sal uitstrek na "die dinge wat voor is"(Filip.3:14) **HARTLIK GELUK AFRIKANERBOND!** Jy laat 'n blywende indruk op die wat jou pad kruis. **WEES STERK!**

Dries Wiese

Lid van die Nasionale Raad: Noord-Kaap

Ek wens met trots die Afrikanerbond baie geluk met die herdenking van 100 jaar sedert 'n klein bende aan die einde van die Eerste Wêreld oorlog besluit het om saam te staan om die swaarkry en wreedheid van die tyd aan te durf deur die bevordering van Christelike beginsels, 'n eg Suid-Afrikaanse kuns en kultuur, en die ekonomiese bemagtiging van Afrikaners. Die Botha Kommissie het reeds in 1964 konstateer dat die prestasies van die AB indrukwekkend is, dat dit oor van die knapste deskundiges op verskeie gebiede beskik en die bevordering van goeie verhoudinge tussen verskillende rasse-groepe in die land beklemtoon.

Ons deel hierdie mylpaal met oud-president Nelson Mandela wat in 1993 die Nobelprys vir vrede gedeel het met oud-president FW De Klerk.

Phillip Nel,

Lid van die Nasionale Raad: Gauteng-Noord.

In die hart van volke so verskillend soos Sjinese en Russe, Franse en Duitsers, Jode en Dene het nasionalistiese bewegings deur eeue wortel geskiet om selfbeskikking te bevorder.

Groeteboodskappe van lede van die Nasionale Raad (verv)

In die negentiende en twintigste eeu het daar in suider-Afrika 'n soortgelyke kragtige beweging in die gelede ontwikkel van hulle wat Afrikaans praat. Binne hierdie beweging het jongmense aan die Rand in 1918 'n lewenskragtige boom geplant. Die landwyse takke van hierdie boom sou kort voor lank die Afrikaanse gemeenskap uit armoede en onmag help bevry en bydra dat die Afrikaner homself met selfvertroue op elke gebied sal uitleef.

Dankie Afrikanerbond – vir wat jy vanjaar reeds 'n eeu lank vir ons volk en land doen!

Louis du Plessis
Lid van die Nasionale Raad: Gauteng-Suid

Hiermee my groete en beste wense aan die Afrikanerbond en elke lid ten tye van ons 100-jarige bestaansherdenking. Dit was 'n voorreg om deel te kon wees van 'n organisasie wat Afrikaners help bemagtig het, en van Suid Afrika 'n beter plek gemaak het!

Ek dra graag die Afrikanerbond aan ons Hemelse Vader op.

Braam Pieterse
Lid van die Nasionale Raad: Noordwes

As lid van die Nasionale Raad vir Limpopo wens ek die Afrikanerbond baie geluk met sy 100-jarige bestaan. Hoe trots kan elke lid wees om deel daarvan te wees.

Mag die Afrikanerbond sy grondslag gestand doen om die Afrikaner te dien tot eer van ons Drie-enige God.

Mag elke lid sy netwerk-skakel uit leef en STERK WEES om Die Afrikanerbond uit te bou vir die Afrikaner en ons land Suid Afrika

Paul Vorster
Lid van die Nasionale Raad: Limpopo

Dit is met dankbaarheid en trots dat ek die AB gelukwens met 'n honderd jaar van toegewyde diens aan Suid-Afrika in die algemeen en die Afrikaner in die besonder. Sy onvermoeide ywer was van deurslaggewende belang vir die skepping en uitbouing van die Afrikaner se kultuur.

Langs die pad is daar weliswaar foute gemaak, maar die Bond was volwasse genoeg om op verantwoordelike wyse die werklikheid vierkantig in die oë te kyk. Hy was met onverskrokke eerlikheid daartoe in staat om met soepelheid aan te pas by veranderende omstandighede. Daardeur het hy 'n wesentlike bydrae gelewer tot die skepping van 'n Suid-Afrika waarin die oppergesag van die reg seëvier.

My bede is dat die Christelike en demokratiese dryfvere wat die Bond geïnspireer het, deur nageslagte verder uitgebou sal word.

Johan Mostert
Gekoöpteerde lid van die Nasionale Raad

Hiermee my hartstogtelike gelukwensing aan die Afrikanerbond in sy 100ste bestaansjaar. Dit is voorwaar vir my 'n ongeëwenaarde voorreg en eer om deel te wees van hierdie invloedryke, standvastige organisasie sonder gelyke.

(Vervolg op p9)

Groeteboodskappe van lede van die Nasionale Raad (verv)

Die invloed van die Afrikanerbond en sy voorganger die Afrikaner Broederbond oor die afgelope 100 jaar is onmeetbaar. Dit is 'n eeu se diensbaarheid en gee, mense wat hul lewe gewy het aan 'n beter toekoms in Suid-Afrika. Mag die Afrikanerbond van krag tot krag gaan en die volgende eeu binnestap met sy kop omhoog met die wete dat die lande geploeg moet word. Daar lê uitdagende tye voor vir hierdie organisasie en sy lede, huidige en toekomstige lede. Uitdagings was nog nooit te groot vir die Afrikanerbond nie, indien dit so was, het ons nie vanjaar feesgevier nie!

Baie geluk aan die Afrikanerbond en sy lede, laat elke lid met trots en ywer sy/haar taak in Suid-Afrika verrig in totale afhanklikheid van ons Almagtige Hemelse Vader. Ons loof en prys ons Here vir 100 jaar se leiding en seën. Sonder Hom is ons niks.

Ek kan nie wag om 'n glasier te klink by die Bondsraad saam met my mede Broers op hierdie wonderlike organisasie nie!

Lank lewe die Afrikanerbond.

Gavin Ludick

Gekoöpteerde lid van die Nasionale Raad ❖

Groeteboodskappe van oud-Voorsitters

My terugblik oor die afgelope drie dekades begin by die groot uitdaging toe ons deurdringend moes besin oor watter grondwetlike voorwaardes noodsaaklik was vir die voortbestaan van die Afrikaner in 'n onbekende "Nuwe Suid-Afrika". Die grondwetlike voorwaardes wat ons gesamentlik gestel het, en deur die grondwetgewende vergadering aanvaar is, het die padkaart vir ons nuwe reis geword.

Van al die uitdagings, bly die grondwetlike ideaal om "te verenig in ons verskeidenheid" steeds die grootste. As vertrekpunt het die AB die goue formule waarin die samehang tussen die eie en nasionale belang erken word, en die regverdigde balansering daarvan gesoek word, aanvaar. Al te goue het die negering van die "verskeidenheid" onder druk van "eenheid ten alle koste" die onbevangte toepassing daarvan bemoeilik.

Die gevolg was onvermydelik, maar ook vanselfsprekend. Die "strewe en verbondenheid na 'n bestel waarin Afrikanervryheid volledig en inklusief ontsluit kan word" het uit ons diepste wese na vore gekom. Die denkraamwerk waarbinne ons deurlopend die morele hoë grond kan beset, is die aanvaarding en bevordering van die Christen-Demokrasie.

My gebed vir die Afrikanerbond, sy lede en sy leiers is dat ons dat ons onder die leiding van die Heilige Gees, die krag van ons geloof in Christus en die genade van ons Hemelse Vader, altyd die moed van ons oortuiging sal hê.

Pieter Vorster

[Voorsitter: 2010-2014]

Lid van die Nasionale Raad: Vrystaat

Dit is 'n besondere voorreg en 'n geseënde geleentheid om die Afrikaner-Broederbond/Afrikanerbond met sy 100e bestaansjaar op 5 Junie geluk te wens.

Dit is in die lewe van 'n individu 'n luisterryke geleentheid, maar in die bestaan van 'n organisasie, met akkolades soos die van die Afrikanerbond, grens dit aan die heroïese omdat dit nie net die geskiedenis van 'n enkele familie insluit nie, maar dra vir 100 jaar die orentbring en groei van die kern van die Afrikaanse volk met hom saam.

In tye van diepe verdeeldheid – Samesmelting, die 2e Wêreldoorlog, Verraad gedurende die vyftiger jare, politieke wegbrekery in 1969 (Hertzog) en weer met die optredes van oud-voorsitters in die 1980s (AP Treur-

(Vervolg op p10)

Groeteboodskappe van oud-Voorsitters (verv)

nicht) en (Carel Boshoff) het die Afrikaner stewig by sy beginsels bly staan en kan ons hom gelukwens met die skep van kalmer waters.

Baie dankie en geluk dat u oor 100 jaar daarin geslaag het om geslagte van denkende en gebalanseerde leiers te skool in die behoeftes van die SA samelewing. Mense wat op elke terrein van die lewe 'n nuttige diens aan sy mede-landsburgers kon lewer – Die AB kan tereg bedank word vir die leerskool wat dit vir duisende “leiers” Groot en Klein was.

Die Afrikaner-Broederbond is in 1918 gestig om die verarmde en verkleineerde Afrikaanssprekendes ekonomies en kultureel op te hef – Baie geluk! Jy het in jou primêre doel geslaag. Kop omhoog die volgende 100 jaar tegemoet!!

Prof Pi re Theron
[Voorsitter 2007 – 2010]

Dit was die Eeu van die Afrikaner. Vele stryde is gestry, en baie daarvan is gewen: die taalstryd; die stryd teen die koloniale juk; die stryd teen armoede en agtergeblewenheid; die stryd teen verkleining en gebrek aan selfvertroue; die milit re stryd teen kommunistiese terrorisme as deel van die koue oorlog; die stryd (met onself) om afstand te doen van politieke mag. Daar was helde en teenhelde, veldhere en voetsoldate, miljoen ers en armlastiges, bouers en brekers, staatsmanne en manteldraaiers, geloofshelde en kettters, intellektuele en ploeteraars, kunstenaars en kleinburgerlikes, tegnolo , tegnisi, wetenskaplikes, boere, opvoeders, ekonome, juriste, medici, almal Afrikaners.

Ons het intiem deel gehad aan die grondige politieke omwenteling van die vroe  90's, ons het met oop o  die nuwe era ingegaan met die verwagting dat ons wens erken sou word om geregtigheid te dien en om die bates van die Eeu van die Afrikaner met medeburgers te deel. Aan hierdie verwagting is nog nie voldoen nie, maar baie van ons bates is nog daar: intellektuele, tegnologiese, kulturele, godsdienstige, taalkundige, ekonomiese bates.

Kan die volgende eeu die eeu word waarin die Afrikaner opnuut mede-Afrikane begelei om van ons land 'n vesting te maak vir waarheid en geregtigheid? Daarvoor sal ons sterk moet bly.

Prof Francois Venter
[Voorsitter: 2000-2004] ❖

Groeteboodskap van die Christiaan de Wet Fonds

Vir 'n organisasie om sy 100-jarige bestaan te vier beteken dat daar oor die verloop van tyd verskeie persone was wat die organisasie se belange ondersteun op die gebied waar hulle 'n besondere bydrae kon lewer. Een so 'n groep mense het besef dat 'n gesonde Afrikanerbond slegs sy doelwitte kan bereik indien die organisasie oor voldoende hulpbronne beskik. Die Afrikanerbond kon nog altyd staatmaak op die kennis en ondervinding van die mees gewaardeerde persone in die Afrikaner gemeenskap. Die organisasie het egter terselfdertyd die behoefte aan gesonde finansi le beplanning gehad.

In Oktober 1947 het J.J. Bosman van Volkskas met die idee vir die stigting van 'n reserwefonds gekom. Vir die doel is die C R de Wet Fonds in 1950 gestig om te verseker dat die Afrikanerbond ook toegang tot finansi le hulpbronne het om hulle taak te kan verrig. Saam met die Afrikanerbond het die CR de Wet Fonds ook oor die jare verskeie hoogtepunte en uitdagings beleef. Dit was egter met die vaste geloof en vertroue van wat die toekoms inhou, wat ons telkens gerig gehou het op die volgende doelwitte.

Dit is dus vir my 'n voorreg om namens die huidige direksie van die CR de Wet Fonds die Afrikanerbond geluk te wens met die besondere mylpaal wat die Afrikanerbond in hulle bestaan kan vier. Ons sien met afwagting uit na die toekoms en die rol wat die CR de Wet Fonds kan speel om die Afrikanerbond te ondersteun in die belangrike taak wat hulle in hierdie uitdagende tydsgewrig vir hulle self uitgestippel het

Sampie Pienaar
Voorsitter: Christiaan de Wet Fonds Direksie ❖

Groeteboodskappe van Hoofsekretarisse

Ek het onlangs in die vroeë herfs deur Malvern in die Suidooste van Johannesburg gery op die spore van die stigters van die Afrikaner-Broederbond. Die hoekhuis van Danie Du Plessis 'n spoorwegwerker en eerste sekretaris van die Afrikaner Broederbond by Marathonstraat 32, waar die 14 jong manne op 5 Junie 1918 byeen gekom het, staan nog net so. Malvern is ingedruk tussen die spoorlyne aan die suide en die koppies rondom Malvern maar die omgewing is erg verwaarloos. Dit is in die einste koppies tussen die droë grasse en kosmosse waar die jong manne wat die Afrikaner-Broederbond gestig het, gaan stap het en hulle gedagtes georden het vir die visie van 'n organisasie wat die Afrikaner moes bemagtig in 'n land waarvan hulle vreem is.

Vandag is ek die derde generasie Bosman wat lid is van die organisasie wat oor 'n 100 jaar sy invloed laat strek het, veel verder as die koppies van Malvern. Die omstandighede van my oupa en naamgenoot wat met 'n lidnommer van in die 700's en met 'n aandpak sy Broederbond vergaderings bygewoon het, die gewigtheid en verantwoordelikheid van die veranderde Suid-Afrika in die 1980's waarvan my pa en naamgenoot deel was, tot die meer informele omstandighede en doelwitte van die Afrikanerbond vandag, is nie veel verskillend nie. Vandag is ons nog net so betrokke in die stryd rondom Afrikaans, die bewaring van kulturele erfenisse en onderwys. Net soos in 1918 voel ons nie vry in ons eie land nie en moet ons aanhou om ons plek in die land te verseker.

In 2018 is dit my voorreg om die hoofsekretaris van die Afrikanerbond te wees. Ek bring graag hulde aan die sewe voltydse uitvoerende amptenare wat die organisasie voor my gedien het en die talle personeel wat die land in sy lengte en breedte deurkruis het om besoeke aan provinsies en afdelings te bring en lede op hoogte te bring van die nuutste sake en ook aan al die dames wat die administrasie van die Afrikaner-Broederbond en later die Afrikanerbond behartig het. Die glad geoliede masjien loop nou reeds vir 100 jaar danksy hulle.

Nadat ek by die Afrikanerbond begin het, het oom Naudé Botha (Hoofsekretaris: 1964-1993) my gereeld besoek en geskakel met goeie advies en altyd verneem na die welstand van die "organisasie". Hy het gesê dat die organisasie nie van lede leiers maak nie, maar van leiers lede. In my wedervaringe die laaste paar jaar het ek werklik besef wat die karakter van ons lede is en dat een en elkeen 'n leier is en dat daardie leierskap net so in diens staan van Afrikaners.

Ek is bevoorreg om deel van so 'n organisasie te wees. Mag die eeufeesjaar een wees waarin ons die verlede respekteer en gebruik as fondament vir ons toekoms in Suid-Afrika.

Jan Bosman
Hoofsekretaris

Dit is vir my 'n besondere eer en voorreg om 'n groeteboodskap aan die 2018 Bondsraad te stuur. My wense is dat die geskiedkundige Bondsraad 'n besondere mylpaal en hoogtepunt in die geskiedenis van die Afrikanerbond sal wees. Ek persoonlik is baie opgewonde oor die strategiese riglyne vir die jare vorentoe wat reeds met die afgelope provinsiale byeenkomste goedgekeur is.

Ek is deeglik bewus van die kreatiwiteit, energie nuwe denke en verantwoordelikheid wat by die lede teenwoordig aanwesig en opgesluit is. U moet hierdie krag ontsluit ter formulering van die Afrikanerbond se rol en bydrae om nie net Afrikanerwees in die komplekse Suid-Afrika met oortuiging te verseker en met trots te leef nie, maar om Suid-Afrika ook te help werk.

Dit is my diepste oortuiging dat ons toekoms as Afrikaners in Suid-Afrika en internasionaal net bepaal sal word deur ons as Afrikaners. Ons moet die uitdaging met oortuiging aanvaar en ons strewes met alle saakmakende rolspelers, nasionaal en internasionaal onderhandel en vasmaak.

Wees Sterk

Dr Boet Schoeman
Uitvoerende Direkteur [1995-2000] ❖

Herinneringe van 'n AB-lid

Deur Hennie van Deventer

My trotse verbintenis met die Afrikaner-Broederbond (sedert 1993 minus die "Broeder" in sy naam) strek terug tot die gewigtige aand van 26 September 1973 toe ek as lid 12951 in Bloemfontein by kerslig tradisioneel ingehuldig is. Stemme uit die donker het die erns van die oomblik by die nuweling ingeskerp. Op 26 September 2018 sal ek dus 45 jaar lid wees.

In 1973, tydens my instelling, was ek nuusredakteur van *Die Volksblad* en agt jaar lid van die "junior organisasie", die Ruiterswag. Toe die aanbod kom om my by die AB aan te sluit, het ek my bevoorreg geag en die uitnodiging met hoë verwagtinge gretig aanvaar. My verwagtinge is nie teleurgestel nie. By elke byeenkoms was daar pitkos, 'n gevoel van samehorigheid en die algemene lekkerte van goeie geselskap.

Die lede van die Afrikaner-Broederbond is roepingsbewuste Afrikaners wat daarna strewende om die beste in ons volk uit te leef en te dien. So is ek daardie aand uit die ou instellingsformulier vir nuwe Broers ingelig. Ek het gou agtergekom dat dit nie leë woorde is nie.

In amper vyf dekades was ek nooit verleë of skaam dat ek aan die ou en die nuwe AB lojaal bly nie te midde van sy verlies aan invloed en mag, asook 'n eksodus van gewese Broers; óf uit vrees vir viktimisasie óf uit politieke korrektheid óf weens frustrasie. My "langdiens"-sertifikaat, uitgereik aan veteraan-Broers, hang aan 'n gedenkmuur in ons woonkamer op Melkbosstrand vir almal om te sien.

Kyk ek terug op my jare van AB-skap, het ek min twyfel oor die waarde wat dit vir my as mens, as joernalis en uiteindelik as redakteur van *Die Volksblad* gehad het. In geen ander forum - buiten in my eie leefwêreld van die koerant, en in die wisselwerking tussen koerant en gemeenskap -- kon ek so ingesuij geraak het by die Afrikaner se uitspook van 'n nuwe lotsbestemming nie.

Nêrens anders kon uitdagender, prikkelender en stimulerender gedink, gepraat en geredeneer gewees het oor watter bestemming Afrikaners moet najaag en hoe hulle daar moet uitkom nie. Daaroor later meer.

Kort nadat ek lid geword het – trouens minder as 'n jaar - is ek deur Naspers na Johannesburg gestuur as eerste nuusredakteur van *Beeld*. In my *Beeld*-jare, van 1974 tot 1980 In die noorde het ek met 'n besondere AB-tradisie kennis gemaak: die jaarlikse "druiwefees" op die spogplaas Moosrivier van oud-minister Hendrik Schoeman. Broers van oral oor die ou Transvaal het op die eerste Saterdag van die druiweseisoen daarvoor na Marble Hall-distrik opgeruk. Elkeen is vir sy moeite met 'n kisse Moosrivier-druie beloon.

Voortreflike kos is deur die plaaslike Broers voorgesit en hartlike herontmoetings met ou studentemaats was aan die orde van die dag. In 'n reusepakhuis is honderde stoele oopgepak, en toesprake van formidabele Afrikaner-geeste soos PW Botha, Connie Mulder en Andries Treurnicht was altyd 'n hoogtepunt, veral namate Afrikaner-politiek toenemend 'n aksentverskuiwing van oorheersingspolitiek tot oorlewingspolitiek begin ondergaan het. "Het jy gehoor wat sê PW/Connie/Andries?" Daaroor is op pad huis toe lewendig geredeneer.

'n Persoonlike hoogtepunt was toe ek by die Bondsraad van die AB in 1985 by die Hartbees-jeugterrein onverwags lid van die UR (uitvoerende raad) geword het. Vir my was dit 'n groot oomblik. Dit is met 'n bottel van my heel beste KWV gevier toe my mede-Vrystater in die UR, professor Piërre Theron, my laataand by die huis afgelaai het.

Watter gedenkwaardige hoofstuk in my bestaan het die nuwe status nie ingelui nie! Láng UR-vergaderings in die AB-gebou, Die Eike in Aucklandpark, Johannesburg, met die lywigste agendas wat ek nog gesien het, was die terrein vir 'n diepsnydende, ontledende toekoms gesprek.

Die deure is geopen om as 't ware by die vuur te sit van Afrikaner-gisting oor die realiteit van 'n politieke omwenteling soos nog nêrens elders ter wêreld vreedsaam voltrek is nie.

Die UR-kameraderie was verkwikkend en die ure se debatte met geslote deure oor strukture, voorwaardes, wigte intellektueel verrykend. Gewigtige beleidsdokumente is geformuleer en geherformuleer.

Op streeksaamtrekke en byeenkomste van individuele afdelings is UR-sentimente uitgedra; soms teen enorme onbegrip en weerstand in. Dit was 'n veeleisende taak maar ook een wat die adrenalien laat vloei het. As

(Vervolg op p13)

Herinneringe van 'n AB-lid

UR-lid was ek in die jare tagtig dikwels op pad, saans en oor naweke, en het ek duisende kilometer met my eie motor gery om afdelingsvergaderings op uitnodiging te gaan toespreek – nogal 'n taai roetine vir iemand wat ses dae 'n week 'n koerant moes uitgee.

Die UR was vir my soos 'n hegte bergklimspan. Party klim sterker; sommige bly 'n bietjie agter. Die sterker klimmers wag egter altyd en help die agterosse waar dit nodig is sodat almal die kruin plus-minus gelyk bereik. Die "voorklimmers" van daardie tyd wat na my oordeel 'n erepenning verdien, was die Staatskundige komitee, wat 'n bloudruk vir die toekoms moes soek. Sy lede – mense soos Andreas van Wyk en Olaus van Zyl - het hul groot taak met ywer en bekwaamheid verrig. Waar die Regering se onderhandelingspan in Kempton Park maar dun was, kon van hierdie mense daar 'n verskil gemaak het, glo ek.

Die komitee het nie net die res van die UR aangesteek om skeppend te help saamdink oor fundamentele staatkundige kwessies nie, maar was instrumenteel in die sleutelrol wat die organisasie in die tweede helfte van die jare tagtig gespeel het om sy lede vir 'n magsprysgawe aan 'n demokratiese meerderheidsregering voor te berei.

Daarmee het die AB, volgens my, nie net ver voor die Regering geloop nie, maar was hy ook ente voor enige ander organisasie, insluitende kerke, om sy lede tot verstandige aanvaarding van nuwe werklikhede te bring.

Adjunk-president Thabo Mbeki het 'n keer met waardering gepraat oor die rol wat die AB in die transformasie van die land gespeel het. Die AB verdien daarvoor egter veel groter krediet.

'n Baie spesiale herinnering is die organisasie se sewentigste verjaarsdag op 3 Junie 1988. 'n Spesiale Bondsraad is gehou op die Hartbees-jeugterrein in die Magaliesberg, asook 'n feesdinee in 'n reusemarkies-tent, getooi in oranje, blanje, blou.

Op een van my foto's sit pres. PW Botha langs die destydse voorsitter, die uitnemende prof. Peter de Lange aan die hoof tafel. Ander eregaste is Gerrit Viljoen, Piet Koornhof en Johan van der Spuy, almal AB-leidsliede van 'n vorige generasie.

Saam met die wildsmoor, bobotie, geelrys, gestoofde vrugte en groente is die aand op die Hartbees-jeugterrein 'n chenin blanc voorgesit wat deur bemiddeling van Ritzema de la Bat van KWV-faam spesiaal vir die geleentheid gebottel is deur die Bolandse Koöp Wynkelders, Huguenot. Op die etiket is 'n groot goue 70 en die woorde "n Unieke kultuurerfenis".

'n Unieke kultuurerfenis, inderdaad. By die Eeufees lig ek my hoed met die hoogste agting vir wat die AB in Afrikaner- en landsbelang vermag het, en betuig ek opnuut my eie dankbaarheid vir die geleentheid om te dien wat my deur my lang verbintenis gebied is.

(Naskrif: Die besluit om die AB te omvorm, is op 26 September 1993 op 'n Bondsraad by die Hartbeesjeugterrein naby die Hartebeespoortdam geneem -- dag en datum twintig jaar nadat ek ingestel is. Ek was een van die 1 200 afgevaardigdes van oral in Suid-Afrika. Meningsverskille is openhartig gelug. Maar sal ek die treffende samesang van 1 200 Broeders ooit vergeet?) ❖

Eeufees - 100 jaar

Die Afrikanerbond vier sy Eeufees op 5 Junie 2018. Dit is inderdaad 'n ongelooflike voorreg om hierdie besondere gebeurtenis hierdie jaar te vier. Ons trotse organisasie het 'n blywende impak gehad op sommige van die groot ontwikkelings wat Suid-Afrika die afgelope 100 jaar ervaar het.

Eenhonderd jaar is in 'n oogwink verby. Die Afrikanerbond en sy voorganger die Afrikaner-Broederbond het die hand van die Afrikaner styf vas geklem het toe ons gekniel, gekruip, geloop en gehardloop het. Deur lou-tering, swaarkry, oorlog, dikwels in die voorste linies in elke dag se strewe en veg vir vryheid was ons langsaan vir advies, agter vir steun en voor as leier en baanbreker na beter Godsbegrip. Na hierdie eeu staan ons danksy die Afrikanerbond en sy voorganger geestelik fiks, blakend gesond, vindingryk en as volk emosioneel volwasse om vir die volgende 100 jaar in ons vaderland, Suid Afrika, die Afrikaner te dien by uitnemendheid, welwetende dat God regeer.

(Vervolg op p14)

Eeufees - 100 jaar (verv)

Boekbekendstelling: Broederskap - Eeufeesgeskiedenis van die Afrikaner-Broederbond en Afrikanerbond 5 Junie 1918-2018

Met die Eeufeesvieringe in gedagte sal die Nasionale Raad hierdie week twee geleenthede aanbied. Ons boek oor ons geskiedenis - **Broederskap** - sal op 5 Junie 2018 om 17:00 by ons kantore in Randburg bekendgestel word. Prof OJO Ferreira was die skrywer van die boek van die 100-jaar geskiedenis, sedert die stigting van die Afrikaner-Broederbond in Malvern, Johannesburg in 1918 en die redakteur was prof PF Theron. Afgesien van die omvattende geskiedenis van die organisasie, sluit die boek ook onderhoude met verskeie prominente Suid-Afrikaners in oor hul persepsies en ervaring van die Afrikanerbond.

Bondsraad en Eeufeesvieringe

Die Bondsraad begin op Donderdag 7 Junie 2018 om 19:00 met 'n spesiale geleentheid te Rhebokskloof om die Eeufeesvieringe te gedenk. Die Afrikanerbond sal by die geleentheid vier besondere toekennings tydens die Bondsraad en Eeufeesvieringe maak. Oorkondes sal tydens die Eeufeesgeleentheid te Rhebokskloof oorhandig word aan:

- **Prof Hermann Giliomee** vir sy besondere ruim bydrae tot die geskiedskrywing van die Afrikaner.
- **Mnr Dave Steward** vir sy besondere bydrae op die grondwetlike terrein.
- **Mnr Carel Trichardt** as erkenning van sy lewenslange bydrae en uitlewing op kulturele gebied.
- **Dr Carel Stander** vir sy besondere bydrae met die finansiële bestuur van die Afrikanerbond en aanverwante maatskappye en sy breë bydrae op kulturele gebied.

Ons is opgewonde dat die Afrikanerbond sy besondere plek in Suid-Afrika tydens sy Eeufeesviering, asook die aanloop en besprekings tydens ons Bondsraad (7-8 Junie 2018) in 2018 sal bevestig. Die Afrikanerbond vier nou sy 100e bestaansjaar. Het die Afrikanerbond en Afrikaners 'n rol te speel in Suid-Afrika? Hierop is die antwoord onbeskaad en beslis JA. Ons het nog steeds 'n taak en roeping om te vervul en ons doen dit onbeskaamd in diens van die Afrikaner, maar ons sal moet aanpas vir die nuwe omgewing en die nuwe uitdaginge.

In die volgende AB Nuusbrieff sal ons die spesiale boodskappe plaas wat ontvang is onder andere ook van 'n verskeidenheid van organisasies en sal ons ook oor die Bondsraad verslag doen. ❖

Broederskap - Die Afrikanerbond - 100 jaar

Die boek oor ons Eeufeesgeskiedenis - **Broederskap** - word tydens 'n spesiale geleentheid op 5 Junie 2018 by die Eike in Randburg bekendgestel. Prof O J O (Cobus) Ferreira is een van die land se produktiefste historici, met 34 historiese boeke en 99 akademiese artikels uit sy pen. Hy is 'n afgetrede professor in geskiedenis aan die Universiteit van Pretoria, en dien steeds as ere-professor by hierdie universiteit. Sedert sy aftrede woon hy in die Oos-Kaap, waar hy ywerig voortgaan met historiese navorsing, publikasies en die beoordeling van akademiese artikels, verhandelings en proefskrifte. Prof Ferreira sterk tans in die Bayview Hospitaal in Mosselbaai aan na 'n hartoperasie. Hy sou baie graag die funksie wou bywoon, en het die volgende boodskap aan die teenwoordiges aangestuur:"

"Geagte mede-kultuurstryders, Die versoek om die geskiedenis van die Afrikaner Broederbond en die Afrikanerbond te boek te stel, was vir my 'n groot eer, maar terselfdertyd ook 'n geweldige uitdaging. Ek was in hierdie studie objektief: Ek het my daarvan weerhou om waarde-oordele uit te spreek en eerder die rol van kroniekskrywer vervul. Die interpretering van die feite word aan elke leser oorgelaat.

My dank aan die opdraggewer, prof Pierre Theron (voormalige Voorsitter van die Afrikanerbond) en Jan Bosman (Hoof Uitvoerende Beampte van die Afrikanerbond) vir hul samewerking met hierdie projek.

Aan die Afrikanerbond my goeie wense op die Pad van Suid-Afrika in sy Eeufeesjaar.

Prof O J O Ferreira
Mosselbaai, ❖

Kontakbesonderhede vir die Afrikanerbond
hoofkantoor@abond.co.za
www.afrikanerbond.co.za

Privaatsak X45, Aucklandpark, 2006
Tel: (011) 782-8569 of (011) 782-8627
Faks: (011) 782-1190